‘N BOOM HET ALTYD ‘N SKADUWEE

WATTER INVLOED HET U OP U KIND SE LEWE?

KORT GEDAGTES

n Boom het altyd ‘n skaduwee – ons ouers het altyd ‘n groot invloed op ons as hul kinders

.....

Deur : Kristi Lambrecht

‘N BOOM HET ALTYD ‘N SKADUWEE

WATTER INVLOED HET U OP U KIND SE LEWE?

n Boom het altyd ‘n skaduwee – ons ouers het altyd ‘n groot invloed op ons as hul kinders.

Daar is vir my soveel simboliek in 'n boom. Daar is die "boompie" boek van Hettie Brittz met roosboompies en sierboompies en palmboom-kindertjies!

Koning Dawid het kinders beskryf as olyfbome. Het jy al 'n klomp olyfboompies bymekaar gesien? Kom kuier by my huis en beleef dit!

Die woordjie boom word in nie minder as 60 verskillende verse in die Bybel gebruik nie!
Die mooiste een vir my is die eerste Psalm: ***"En hy sal wees soos ‘n boom wat geplant is by waterstrome..."***

My pa sê al van kleins af vir my, “moenie doen wat ek ek sê of doen nie, maar leef en doen altyd die waardes wat pappa en mamma jou leer”.
Ek het dit nooit verstaan nie totdat ek besef het wat waardes is, en hoe dit ons lewens beinvloed.
Ons as kinders word voor soveel keuses geplaas, my ouers sê ons het soveel meer om aan te dink vandag, as wat hulle moes op ons ouderdom.
Die beste voorbeeld wat ons as kinders het van ‘n perfekte voorbeeld is JESUS.

Julia Fernandes skryf in sy boek – “Die beste pappa-GOD”
“Gelukkig is die wat pappas het wat omgee, maar gelukkiger is die wat die prag en liefde en omgee ervaar van ons hemelse Vader”.

Ek weet nie van julle nie maar ek wil hê dat my skaduwee die vrugte van die gees moet wys.

Dr. Marius Aucamp skryf.,-“Vryheid is vir die moderne mens die reg om te maak wat hy wil, veral om hom geestelik en emosioneel van die wil van God los te maak. Daarom word hierdie soort vryheid 'n toename in knegskap en verslawing. Dit is 'n oorgawe aan die duiwel om sy wil te doen, om die Gees van God te weerstaan en sy werking uit te doof.

Vir die moderne mens is vryheid om vry te wees van God.
Daarom vertoon hy ook al die kenmerke van hierdie soort vryheid: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge (Gal 5 vers 21).
Gal 5:21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

Maar soos ek sê my skaduwee moet die vrugte van die gees dra naamlik liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

As ons as kinders geplant is in die lewende stroom wat JESUS is watter skaduwee gaan ons dan nie gooi nie! My ouers sê ook partykeer: Buig die boompie solank hy jonk is, en die appel val nie ver van die boom nie, of hoë bome vang die meeste wind.

Maar dit is ‘n skaduwee storie vir ‘n ander tyd.

Onthou mens kan nie ‘n skaduwee in die donker gooi nie.
Daarom sê die Bybel:
1Tess 5:5 Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie.